



# Gesinne in Harmonie

Volume 13, April 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Liewe Ouers,

Terwyl ek hier skryf, sit ek en luister na die wind wat oor Hartenbos opgekom het en die see-reuk hier by die vensters inwaai.

Ek kuier by vriende - eintlik meer by een van my lewensmentors wat Sondag (25ste Maart) 85 jaar oud word en is verstom oor die nederigheid en absolute afhanklikheid van God waarmee hy leef.

Dis 'n lang storie, maar een wat ek met graagte met julle deel. In 1999 ontmoet ek by die werk hierdie man - toe reeds al 'n gryskop wat op 'n duisend plekke gelyk kan dink. Ons werk saam tot in 2002 toe ek vir agt maande 'n kursus in Duitsland gaan bywoon en daarna van April 2003 af tot 2010.

Intussen word ek deel van sy familie - en kom agter dat sy broer vir my op Wellington in 1985 tot 1987 klas gegee het. Skielik maak baie dinge vir my sin - die mannerismes van die twee broers is baie dieselfde en so ook hul nederigheid en ongelooflike intelligensie.

Dit is 'n groot voorreg om twee ekstra 'pa's' in my lewe te hê en albei met soveel wysheid wat hulle bereid is om met my te deel.

Op kollege het die een sy liefde vir die opvoedkunde en vir kinders met my gedeel en my geleer om voortdurend my 'horisonne te verbreed'.

Die ander een leer my om nooit met 'n doodgewone antwoord tevrede te wees nie, altyd verder ondersoek te doen en altyd kwaliteitwerk te lewer.

Albei die broers leer my om voortdurend selfondersoek te doen en na die beste te streef. Albei moedig my aan om die beste van alle geleenthede te probeer maak.

By my eie Pa leer ek veral om alles te doen wat my hand vind om te doen.

By al drie leer ek dankbaarheid.

Die ongelooflike voorreg wat ek het om drie 'pa's' in my lewe te hê van wie ek verskillende voorbeelde kry, maar wat al drie God dien, is iets wat ek lewenslank sal koester.

Ek besef dat ek meer gelukkig is in dié opsig as baie ander, aangesien daar heelwat mense is wat nie eens so bevoorreg is om een pa te ken nie.

Net so besef ek ook dat dit 'n luukse en terselfdertyd ook 'n noodsaaklikheid is om lewensmentors te moet hê met wie jy jou ideale en idees kan deel, sodat hulle jou kan help om dit te rig en te ontwikkel.

Die voorreg om ook in hulle te sien hoe God as Vader vir ons wil koester en sorg, die beste vir ons gun en altyd daar is vir ons - dit bly seker een van die grootste voorregte wat ek het.

Ons as ouers het só 'n belangrike rol om in die ontwikkeling van ons kinders se lewens te speel, maar soms word dit onderskat en laat ons toe dat ander kinders of selfs die kassie ons kinders se rolmodelle of mentors word.

Jy as Pa of Ma is die belangrikste in jou kind se lewe - weet dit, glo dit en wees elke oomblik van elke dag daarvoor bewus!

Jy hou dus jou kinders soos modelleerklai in jou hand en kan hulle vorm om die beste te wees wat hulle moontlik kan word.

Die voorreg om nog jou eie ouers te hê, is reeds iets besonder. As jy boonop self 'n ouer is, het jy iets baie spesiaals van God gekry - 'n voorreg om Sy beeld vir jou kinders te wees.

*Saam in Sy diens,*

*Lita*

## Notas vir die yskas

### Kleuterkerk en Junior Kategese

08:50—10:15 in Kerksaal

**Skole heropen: 10 April**

♦ 15 April

♦ 22 April

### Manne-Oase

• 4 April om 18:30

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

### Onthou die Huweliksfees 4-6 Mei!



*Ds Ewald van Rensburg is ons gasspreker.*

*Kontak gerus vir Basson Geldenhuys om jou plek te bespreek.*

**071 6488 656**

*Daar sal weer vir die kinders videos in die oase vertoon word terwyl die ouers die kursus bywoon.*

### Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: [mootcare@vodamail.co.za](mailto:mootcare@vodamail.co.za)



*Gee jou seun 'n goeie opvoeding en jy sal gerus wees oor hom; hy sal jou baie vreugde verskaf.*

*Spreuke 29:17*



# Gesinne in Harmonie

Volume 13, April 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## *The pencil's conversation with the eraser*

PENCIL

I'm sorry

ERASER

For what? You didn't do anything wrong.

PENCIL

I'm sorry because you get hurt because of me. Whenever I made a mistake, you're always there to erase it. But as you make my mistakes vanish, you lose a part of yourself. You get smaller and smaller each time.

ERASER

That's true. But I don't really mind.

You see, I was made to do this. I was made to help you whenever you do something wrong.

Even though one day, I know I'll be gone and you'll replace me with a new one, I'm actually happy with my job. So please, stop worrying. I hate seeing you sad.

Parents are like the eraser whereas their children are the pencil. They're always there for their children, cleaning up their mistakes.

Sometimes along the way, they get hurt, and become smaller / older, and eventually pass on.


Though their children will eventually find someone new (spouse), but parents are still happy with what they do for their children, and will always hate seeing their precious ones worrying, or sad.

All my life, I've been the pencil. And it pains me to see the eraser that is my parents getting smaller and smaller each day.

For I know that one day, all that I'm left with would be eraser shavings and memories of what I used to have.

This is to all the parents out there.

-Author Unknown



## *With each sunrise, God gives you a new beginning - Edmund O'Neill*

One of God's greatest gifts is the chance to be born again each day ...

Beginning with every sunrise, you can let go of the past and any regrets, mistakes, or sorrows it may have held.

You can look ahead and see where you'd like to go, secure in the knowledge that God enables you to leave any emotional baggage where it belongs - in the past.

You can choose to leave yesterday behind and start over again today - to be whoever and whatever you dream of being.

Know that with God's help and His constant, loving attention, you can achieve anything ... beginning today.

## **Karakterbou**

**Let us not say,  
every man is the architect of his own fortune;  
but let us say,  
every man is the architect of his own character.**

- George D. Boardman

Ons bou elke dag, elke oomblik aan ons karakter. Elke woord wat ons uiter is nog 'n baksteen in die karaktermuur.

Elke verkeerde woord, elke oneerlikheid, is 'n swak baksteen wat die muur verswak.

Aan die einde sit ons met 'n bouvallige karakter.

Daarom waarsku Jesus ons in Matt 5:37 *Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose.*

- Ontvang per email

## **Wie bou aan my kind se karakter?**

Kinders leer deur hul ervaringe en deur ander dop te hou.

Dus bou elkeen wat op jou kind se pad kom 'n stukkie aan sy of haar karakter.

Wat bly op die ou einde die belangrikste?

- ◆ Dat jy jou kind moet leer om die regte lewensmentors te kies.
- ◆ Dat God die belangrikste in jou kind se lewe moet wees - en dit kan net gebeur as hy or sy sien dat dit in jou lewe die geval is.
- ◆ Dat jy 'n rolmodel vir jou kinders moet wees.

**Maar dit sal ek ter harte neem  
en om dié rede bly ek hoop:  
deur die liefde van die Here  
het ons nie vergaan nie;  
daar is geen einde aan sy ontferming nie,  
dit is elke môre nuut**

**Klaagliedere 3:21-23**



# Gesinne in Harmonie

Volume 13, April 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## *Al het jy nog nooit die see gesien nie ...*

Die meeste van ons kan nie dink dat dit eintlik moontlik is nie, maar daar is beslis mense wat nog nie die see gesien het nie. Die meeste van ons weet darem van die see ...

Wat verander dit aan die see self? Net mooi niks. Die feit dat iemand nog nie die see gesien het nie, maak nie 'n verskil aan die see nie. Die see is nog steeds dieselfde. Daar is steeds hoogwater, laagwater, springgety, storms, kalmte, konstante beweging en branders wat sonder ophou op die land uitspoel.

Dit is presies soos wat God is. **Al het ons nog nie vir God gesien nie, weet die meeste van ons van Hom. Hy is nog altyd dieselfde.** Sy liefde is nog altyd dieselfde. Sy trou is dieselfde. Sy geaardheid is nog altyd dieselfde. Hy het nie met die tye aangepas en leef nou met ander beginsels nie. Sy wil is nog dieselfde. Sy planne vir ons is nog dieselfde en Hy vra nog altyd van ons dieselfde.

Hy vra nie offers nie, maar gehoorsaamheid en dankbaarheid. En vanselfsprekend dus ook daad wat uit dankbaarheid gedoen word. Medelye en empatie met ons medemense wat voortspruit uit ons liefde vir Hom en ons medemense.

God se verbond wat Hy met Abraham gesluit het, staan vandag nog en sluit ook vir my en jou in. Elke belofte wat God gemaak het en wat ons in die Bybel kan lees, staan vandag nog en sluit vir my en jou in.

Net soos die see nog al die jare konstant dieselfde is, so is God nog altyd dieselfde. **Hy is altyd daar al voel dit nie vir ons so nie.** Hy is elke dag van elke uur beskikbaar.

Die groot en almagtige God wat die hemel en aarde geskep het, is elke dag beskikbaar vir my en jou. Hy wag dat ons met Hom gesels. Hy wag dat ons Hom aanroep en ons probleme en ons vreugdes met Hom deel. **Hy wat alreeds alles weet, wil hê dat ons met Hom daarvoor gesels en afhanklik van Hom moet wees.**

Is dit nie fantasties nie?

Dus, al het jy nog nie vir God gesien nie, weet jy van Hom. Begin nou met Hom gesels en begin Hom vertrou. Kyk hoe Hy vir jou kan sorg en jou kan vertrou en jy sal verstom staan oor Sy liefde en geduld met jou!

**God allows us to experience the low points of life in order to teach us lessons we could not learn in any other way.**

CS Lewis

**The essential thing is not what we say, but what God says to us and through us. In that silence, He will listen to us; there He will speak to your soul, and there we will hear His voice.**

Mother Theresa

## 27 Lewensfeite vir Vroue

- Maretha Maartens

1. Die ego van 'n trouman is so dun soos 'n membraan. Bly weg van 'n man met 'n ego wat nog dunner is.
2. Telkens wanneer die pieperige ego'tjie skeur, gaan die eienaar jou verantwoordelik hou vir lyding en verlies aan lewensgehalte.
3. Moenie oorhaastig verloof raak of trou nie. As dit ewige liefde is gaan hy nie toelaat dat iemand anders hom binne die volgende ses maande opraap, ontvoer of blywend betower nie.
4. Vroue wat nie trou nie, het hul redes. Gelukkig vir die mansgeslag is die vrouens te diskreet om dit aan die hele wereld bekend te maak.
5. Wanneer aanneemkinders op hulle aanneemouers se harte trap, is dit nie omdat hulle aanneemkinders is nie, dit is omdat hulle kinders is.

...blaai om na agterblad

## *Ons Huisreëls:*

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. T r e e a l t y d toepaslik op

- Anoniem -

*As I grow older, I pay less attention to what men say. I just watch what they do.*

Andrew Carnegie

*Wysheid maak 'n mens vriendelik, dit verander 'n strak gesig*

Prediker 8:1

*Faith is for Feet! Don't sit and do nothing, go out and do something.*

Angus Buchan

*'Gaan terug na jou huis toe en vertel alles wat God vir jou gedoen het.' Hy het toe gegaan en die hele dorp deur bekend gemaak wat Jesus vir hom gedoen het.*

Lukas 8:39



# Gesinne in Harmonie

Volume 13, April 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Boekwurms

Jy is wat jy lees!  
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

## Fliekvlooië

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

## Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

[kinders@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:kinders@rietfontein-suid.ng.org.za)

of

[diens@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:diens@rietfontein-suid.ng.org.za)

...vanaf vorige bladsy ...

6. Jou bejaarde ouers se harte is so broos en breekbaar soos hulle heupe ... pas hulle op.
7. Jou getroude dogter (en skoonogter!) se skokkende kaste, vaal kastrolle, harde kussings, kunsveselkomberse, kitcherige skilderytjies en taai ketel is reg net soos dit is. Soms is dit net een van daardie dinge!
8. Jy hoef nie alles by te woon, te sluk, te onthou, te ondersteun, te besit, te weet of alleen te hanteer nie.
9. Jou gewig is reg solank jou regterbobeen nie jou linkerbobeen rou skaaf nie.
10. Wat jy nou beleef, gaan ook verby.
11. Die geveg teen oud word is interessant, maar in aanvaarding lê 'n skat van vrede opgesluit.
12. Wanneer ons ophou om mooi aan te trek, onself goed te versorg... en net in sweetpakke en oorgroot T-hemde rondloop, jok ons wanneer ons sê: "Ek voel gemaklik so." Wat ons eintlik sê is "Ek voel ongemaklik oor myself."
13. God gee om.
14. Die ouer wat 'n obsessie ontwikkel oor een talent in haar kind se lewe, kom selde agter hoeveel potensiële vriende haar kind verloor.

95% van kinders op wie daar druk van hierdie aard geplaas word, gooi daardie talent na skool weg en vind terselftertyd dat hulle die kuns om hulself deel van 'n groep te maak, nie op 20 eers kan aanleer nie.

15. Egskeiding is nie 'n onvergeetlike sonde nie, maar dis 'n haai-aanval op kinders ... moenie verwyf nie ... miskien het jy ook aandeel daaraan gehad?!

16. Seks is veronderstel om lekker te wees.

17. Die saad van die allerverskriklikste sondes lê onder die sand van elkeen van ons begrawe. Dit wag net vir die regte omstandighede om te ontkiem.

18. Vergeet daarvan om groot te praat en te handel sodat mense jou man se sogenaamde 'status' moet raak sien... die mense lag agter jou rug!

19. Maak meer en meer opregte sagte plekke in jou hart vir meer en meer mense.

20. Kinders het hulle ouers se ore nodig... nie hulle geld of goed nie.

21. Wees veral versigtig wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou lewe.

22. Die lewe is hard. Mans soek sagtheid.

23. 'n Vrou moet nie te toegeeflik, te afhanklik, te praterig, te stil, te onafhanklik, te agterdogtig, te goedgelowig, of te haastig wees nie.

24. 'n Vrou het styl wanneer sy begrypend, menslik, uitreikend, belangstellend, sterk, nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie, goedgesind, onversteurbaar, kalm leef en optree.

25. Om net te wil hê is kinderagtig ... om net vriendelik te wees as jy geld van iemand wil hê, is onvergeeflik.

26. As jy 'n kat of hond het, gaan jy ontdek dat hy kan praat.

27. 'n Vrou wat dislojaal teenoor haar ouers, man en kinders is ... hulle beskinder en beswadder ... verdien nie die naam 'VROU' nie.

**Wees 'n Spreuke 31-vrou!**

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

**Die Koffiepot**  
vir Volume 1-3 van  
Ouers in Harmonie en  
nou Gesinne in Harmonie!

## Bediening vir Diens

Peet Dorfling

Telefoonnummer:  
084 464 7102

Epos:

[peet@productivitysa.co.za](mailto:peet@productivitysa.co.za)

## Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnummer:  
071 6488 656

Epos:

[basson.geldenhuys@dpw.gov.za](mailto:basson.geldenhuys@dpw.gov.za)

## Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnummer:  
082 453 8421

Epos:

[brendabarnard@gmail.com](mailto:brendabarnard@gmail.com)

## Taakspan vir Senior Lidmate

Ds Dirk van Zyl

Telefoonnummer:  
084 038 8993

Epos:

[caddvanzyl@absamail.co.za](mailto:caddvanzyl@absamail.co.za)

## Taakspan vir Jeug

DJ Muller

Telefoonnummer:  
083 420 2217

Epos:

[djennadia@gmail.com](mailto:djennadia@gmail.com)

## Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnummer:  
082 453 8421

Epos:

[lspreeth@sars.gov.za](mailto:lspreeth@sars.gov.za)

## Manne Oase

Pieter Malan

Telefoonnummer:  
082 444 1112

Epos:

[phmalan@gmail.com](mailto:phmalan@gmail.com)